DEPARTMENT OF EDUCATION

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

LEFAPHA LA THUTO

ISEBE LEZEMFUNDO

# FRANCES BAARD DISTRIK

# GRAAD 11

# AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

# JUNIE 2014

**PUNTE:** **120**

**TYD:** **2 ½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A**

Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**Advertensies – Koper pasop!** deur Cindy Grigg, e.a.




1. Ons is elke dag omring deur advertensies. As jy die televisie aanskakel, koerante en tydskrifte oopblaai, op advertensieborde langs die straat kyk, sien jy advertensies. Jy hoor dit selfs op die radio. Advertensies is oral!

2. Jy sien dit altyddeur op televisie. Vir elke uur wat jy TV kyk, word ten minste vyftien minute kyktyd aan advertensies afgestaan.

3. Advertensies kan jou iets leer en jou inlig oor 'n produk. Dit kan ook kopers oor produkte inlig. Advertensies kan ook kopers beïnvloed om items te koop wat hulle nie regtig nodig het en kan bekostig nie.

4. Advertensies kan misleidend wees. Die meeste vervaardigers vertrou dat advertensies nie net mense oor hulle produkte sal inlig nie, maar hulle ook sal oorreed om die produkte te koop. Slegs die voordele van die produkte word uitgelig en die nadele word weggelaat. Hoe meer kopers bewus word van advertensie-tegnieke, hoe meer sal hulle in staat wees om objektief en nugter na produkte op die mark te kyk.

5. Hier is 'n paar maniere hoe adverteerders jou aandag probeer trek. Eerstens, met die reklamewa. Hierdie soort advertensie vertel ons dat almal hierdie produk koop en jy beter dit ook aanskaf as jy nie wil agterbly nie. Moenie vir hierdie groepsdruk ingee nie. Soek na 'n beter produk. 'n Voorbeeld van die reklamewa-tegniek: Elke tiener op straat dra dit! "COOL-JEANS". Kry vandag een en smelt saam. Wees deel van die groep!"

6. Dan is daar oordrywing. Dit is wanneer iets groter gemaak word as wat dit werklik is, bv. "'n Huisie by die see vir spotgoedkoop!" Wanneer jy egter die prys sien, kan jy dit nie bekostig nie. Die adverteerders maak ook van onderbeklemtoning gebruik om produkte te adverteer, bv. wanneer hulle sê dat die artikel 'n bietjie duurder as die ander een is, maar die verskil is duisende rande.

7. Die kort oorredende stelling is ook baie effektief, bv. 'n reeks items waarvan jy hou of nodig het, word opgenoem. Dan die kort sin: "Hier is dit!" of "Dit is net vir jou!"Die kort stelling met die uitroepteken beklemtoon die stelling dat die produkte vir jou, die leser is.

Bron: *Internet (Vrylik vertaal en aangepas)*

1.1 Watter TWEE AGEREENVOLGENDE WOORDE in paragraaf 1 sê vir ons dat advertensies oral gesien word. (1)

1.2 Skryf TWEE plekke neer waar jy advertensies sal vind. (2)

1.3 Noem die TWEE sintuie wat gebruik word om die mens van advertensies bewus te maak. (paragraaf 1) (2)

1.4 Watter gevoel word uitgedruk met die sin: "Advertensies is oral!" (1)

1.5 Kies die korrekte antwoord.

Advertensies neem ... van TV-kyktyd in beslag.

A 25%
B 75%
C 50%
D 30% (1)

1.6 Motiveer jou antwoord in Vraag 1.5. (1)

1.7 Wat is die nut van advertensies volgens paragraaf 3? (1)

1.8 Noem TWEE nadele van advertensies (paragraaf 3). (2)

1.9 Noem TWEE maniere hoe advertensies volgens paragraaf 4 misleidend kan wees? (2)

1.10 Wanneer sal voornemende kopers objektief na produkte op die mark kan kyk? (1)

1.11 Kies die KORREKTE antwoord.

Die advertensie-tegniek wat jou uitnooi om deel van die groep te wees, word ... genoem.

A groepsdruk
B reklamewa
C tienergroep
D advertensie (1)

1.12 Die skrywer is ten gunste van hierdie advertensie-tegniek wat in paragraaf 5 genoem word.

Haal 'n sin uit paragraaf 5 aan om te bewys dat hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.13 Hoe sal die koper weet wanneer adverteerders oordryf? (paragraaf 6) (1)

1.14 Wat word die advertensie-tegniek genoem waar die verskil in prys tussen twee artikels baie hoog is, maar nie so hoog in die advertensie aangedui word nie. (1)

1.15 Kies die KORREKTE antwoord.

Die kort oorredende stelling is effektief, want dit ... die koper aan.

A spreek
B raak
C vat
D neem (1)

1.16 Die sin bokant die prentjie moet eintlik lees: “Ons beste advertensie is tevrede klante.” Waarom lees dit “Tevrede klante is ons beste advertensie”? (1)

1.17 Hoe skakel die twee manne in die prentjie met die sin: “Tevrede klante is ons beste advertensie”? (1)

1.18 Dink jy dat jy noudat jy die teks gelees het objektief en nugter na produkte sal kyk? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)
[23]

**TEKS B**

Kyk na die prent en beantwoord die vrae.




1.19 Hoe laat is dit? (1)

1.20 Voltooi die antwoord.

Dit is gewoonlik die tyd van die dag wanneer mense wat werk, ... (1)

1.21 Waarom dink jy slaan die ma die kind? (1)

1.22 Waar speel die gebeure in die prent af? (1)

1.23 Wat dink jy, waarom speel die gebeure daar af? (1)

1.24 "As slaan nie help nie, waarom hou jy daarmee aan?"

Skryf TWEE oplossings neer wat jy in "slaan" se plek sal gebruik.

(2)

**[7]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

Bestudeer die onderstaande teks en maak ŉ opsomming.

Instruksies:

- Skryf SEWE **kenmerke van ŉ goeie vriend** neer.
- Die sewe feite moet PUNTSGEWYS opgesom word.
- Die opsomming mag nie langer as 60 WOORDE wees nie.
- Laat ŉ reël oop tussen elke feit.
- Elke feit moet in ŉ volsin wees.
- Dui die aantal woorde aan.
- Telegramstyl is onaanvaarbaar.



**KENMERKE VAN ŉ GOEIE VRIEND**

1. VRIENDE. Wat ŉ woord! Vriende is mense by wie jy graag wil wees. Vriende moet goeie eienskappe hê om ŉ ware vriend te wees.

2. Vriende gee om vir mekaar deur mekaar op te soek en op te beur wanneer hulle siek is. Wat is die nut van vriende as hulle nie vir jou omgee nie? Hulle luister na mekaar en is altyd beskikbaar in tye van nood.

3. Jy kan altyd op ŉ vriend vertrou om jou geheime te bewaar. ŉ Eerlike vriend sal nie jou persoonlike inligting aan mense gee nie. Hulle sal jou ook nie afpers om dinge te doen wat jy nie wil doen nie.

4. Positiewe vriende maak jou gelukkig en laat jou lag as jy sleg voel. Hulle kan jou opbeur al voel jy die aarde kan jou insluk.

5. Vriende moet die vermoë besit om jou te ondersteun as jy hulp en bystand benodig. Hulle moet mekaar kan reghelp as hulle sien een van hulle wil verkeerde dinge doen.

6. Goeie vriende het belangrike eienskappe wat dit die moeite werd maak om saam met hulle te wees.

Bron:*Internet (vrylik vertaal en aangepas)*

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: WOORDSTRUKTURE**

**TEKS D: PRENT**

Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae.

- Skryf net die vraagnommer (3.1-3.19) en die KORREKTE antwoord neer.
- Al die antwoorde in hierdie vraag moet KORREK wees.



*Bron: Internet (aangepas)*

3.1 Gee die korrekte VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies.

Dean lê op sy klein (bed). (1)

3.2 Vul die ontbrekende VOEGWOORD in. Skryf die sin uit.

Dean lê op sy bed ... lees. (1)

3.3 Vorm die korrekte SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Hy slaap in ʼn (seun + kamer). (1)

3.4 Kies die KORREKTE woord.

Die hond sit (verveeld/vervelig) in die kamer. (1)

3.5 Gee die korrekte VORM van die woord tussen hakies.

Dit is Dean se (vier) hond wat sy broer vir hom gegee het. (1)

3.6 Gee die OORTREFFENDE TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.

Dié hond is die (klein) van die vier honde. (1)

3.7 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Die hond is baie (vet). (1)

3.8 Voltooi die sin deur die MANLIKE GESLAG in te vul.

Die hond se naam is Bruno, hy is ŉ ... (1)

3.9 Gee die korrekte VOORSETSEL.

Die bal lê ... die hond. (1)

3.10 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Die (lakens, kussingsloop en kombers) is baie skoon. (1)

3.11 Gee die VERGROTENDE TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.

Die boekrak is (hoog) as die laaikas. (1)

3.12 Gee die SINONIEM van die woord tussen hakies.

ŉ Paar (kouse) steek by die laai uit. (1)

3.13 Skryf die GETAL tussen hakies IN WOORDE.

Daar is (9) boeke op die boekrak. (1)

3.14 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD uit die woorde tussen hakies.

Dean lees elke dag in (hom/sy) kamer. (1)

3.15 Vul die korrekte VRAAGWOORD in sodat die onderstreepte deel van die sin die antwoord is. Skryf die hele vraagsin uit.

Dean lê <u>op sy bed.</u> (1)

3.16 Kies die korrekte lettergreep wat die KLEM dra in die woord, kamer.

ka′ – mer
ka - mer′ (1)

3.17 Kies die korrekte SPELLING van die woord tussen hakies.

Dean se kamer is (silverskoon/silwerskoon). (1)

3.18 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Die gordyne is (ooptrek). (1)

3.19 Kies die korrekte SPELLING van die woord tussen hakies.

Dit is ŉ (sonnige/sonige) dag. (1)

**[19]**

## VRAAG 4

### TEKS E: ADVERTENSIE

Lees die advertensie en beantwoord die vrae.




*Bron: Internet (vrylik vertaal en aangepas)*

4.1 Kies die korrekte ANTWOORD.

DBV is die afkorting vir (Dierebeskermingsvereniging/ Diere Beskerming Vereniging) (1)

4.2 Kies die korrekte ANTWOORD.
ŉ Vrywilliger is iemand wat ander help en (betaal wil wees/nie betaal wil wees nie). (1)

4.3 Sê waarom die kat vir hulle "diere soos ons" noem. (1)

4.4 Waarom sou jy sê, is die diere by die DBV? (1)

4.5 Skryf die korrekte WOORD neer om aan te dui dat die DBV net 60 minute van jou tyd vra.

Slegs (een uur/eenuur) van jou tyd kan genoeg geld insamel. (1)

4.6 Waarom, dink jy, gebruik die adverteerder diere in die advertensie? (1)

4.7 Kies die korrekte ANTWOORD.

Die gesigsuitdrukking van die hondjie sê vir ons dat hy ... is.

A kwaad
B verleë
C gelukkig
D tevrede (1)

4.8 Kies die korrekte ANTWOORD om die sin te voltooi.

"om ʼn **katjie** of ʼn **hondjie** vir ʼn dag kos te gee"

Die adverteerder gebruik die verkleinwoorde om ...

A aandag te trek.
B om te beklemtoon.
C om te wys dit is klein diertjies.
D om simpatie by die leser te wek. (1)

4.9 Waarom is "Help asseblief!" in grootdruk geskryf? (1)

4.10 "Daar is baie maniere om te help." (1)

Gee EEN manier hoe jy die diere by die DBV kan help.


4.11 Skryf die slagspreuk van die DBV neer. (1)
**[11]**

**VRAAG 5**

**TEKS F: SPOTPRENT**

Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae.

**Calvin en Hobbes - Watterson**




*Bron: Internet (vrylik vertaal)*

5.1 Skryf die sin in die INDIREKTE REDE.
Calvin se pa skree: "Ek is laat vir werk!"
Begin só: Calvin se pa skree dat ... (2)

5.2 Kyk na die waarskuwingsteken langs die pad.

Maak ՚n BEVELSIN met die woord, "Pasop" (1)

5.3 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Calvin maak sneeumanne. (1)

5.4 Voltooi die infinitief. Skryf die sin oor.

Calvin is stout.
Calvin hou daarvan ... stout ... wees. (1)

5.5 Kies die korrekte sin wat stereotipering aandui.

A Pa is haastig.
B Pa is laat.
C Calvin is stout.
D Seuns is altyd stout. (1)

5.6 RANGSKIK die groepe woorde tussen hakies in die korrekte volgorde. Skryf die sin oor.

Calvin het (in die paadjie) die sneeumanne gemaak (vanoggend) (vinnig). (1)

5.7 Kies die korrekte AFRIKAANS vir die woord tussen hakies.

Daar is nie sneeu op die (paving) nie.

A plavysel
B stoep
C plaveisel
D paadjie (1)

5.8 Kies die korrekte BETEKENIS van die onderstreepte idioom.

Calvin se pa staan met sy voet in die vuur.

Staan met sy voet in die vuur beteken Calvin se pa is baie ...

A haastig
B gelukkig
C tevrede
D bly (1)

5.9 Skryf die sin in die TOEKOMENDE TYD.

Calvin se pa is laat. (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**AFDELING D: LETTERKUNDE**

**TOTAAL AFDELING D: 40**

**GROOTTOTAAL 120**